INNOVASIE IS SLEGS VIR ALMAL

Prof. Erwin Schwella,
Stellenbosse Goeie Regeringsforum, Skool vir Publieke Leierskap, Stellenbosch Universiteit.

Daar is 'n bekende stelling wat lui: "As jy dink opvoeding is duur, probeer onkunde."

Die stelling kan ook aangepas word om soos volg te lees: "As jy dink verandering en innovasie is duur, probeer stagnasie en verstokking."Natuurlike en menslike stelsels (as deel van natuurlike stelsels) het in gemeen dat die versuim om aan te pas by verandering lei na entropie. 'Entropie' is 'n "groot" woord vir die geleidelike afwen van die stelsel totdat die wekker gaan staan en rolspelers voort rus in die slaap van die eeue gesus.

Die uiteindelike gevolg is stagnasie - op die beste - en vernietiging op die slegste.

Blote reaktiewe aanpassing voeg ook nie waarde toe nie, maar lei tot oorlewing ("survive") terwyl dit moontlik is om te kan gedy ("thrive"). Wat jou werk en roeping ook al is (om koekie vorms te maak, strate te vee of satelliete te lanseer) is in hierdie verband nie relevant nie. As jy nie betrokke is by vernuwing en innovasie nie, is uiteindelike mislukking,selfs al gebeur dit oor lang tye, gewaarborg. Uiteindelik gaan jy en jou produkte of spektakulêr neerstort of gestadigd in die niet van die onbeperkte, maar veranderende heelal verdwyn. Die benodigde innovasie is nie net gefokus op jou primêre produk nie, maar op die hele waardeketting waarin die produk ingebed is, wat alle prosesse en newe-produkte insluit.

In konkrete terme: As Nguniboere nie oor die hele spektrum van die waardeketting van hulle produk innoveer nie, gaan hulle bloot oorleef en uiteindelik in die niet verdwyn. Hierdie waardeketting strek vanaf Ngunikalfkonsepsie tot kalfsvleis tot Ngunivel. Dit dek ook al die prosesse vanaf genetiese seleksie en kunsmatige

Sonder idees en denke kan geen innovasie plaasvind nie. Alle produkte en prosesse wat waarde toevoeg begin by 'n idee. Dit koppel aan denke.

inseminasie tot gedrewe bemarking en ekovriendelike en etiese praktyke by slagting en verwerking, waar innovasie nodig is. Weereens, as jy dink verandering en vernuwing is duur, probeer stagnasie en verstokking.

Innovasie is gekoppel aan drie ander i's, naamlik [1]**idees,** [2]**institusionalisering en** [3]**implementering**. Innovasie staan ook op die fondamente van drie k's, naamlik [1]**kennis,** [2]**kundigheid en** [3]**konkrete leierskap**.

Sonder **idees** en denke kan geen innovasie plaasvind nie. Alle produkte en prosesse wat waarde toevoeg begin by 'n idee. Dit koppel aan denke. Alle rolspelers in ruimtes waar waarde toegevoeg word moet, moet dink om idees te stimuleer en te veredel. Ek rig soms die uitdaging aan mense deur te sê: "Begin nou dink, dit mag 'n opwindende en fassinerende nuwe ervaring wees."

Dus - vernuwende idees wat prakties en passievol is en die brein en die hart aanspreek - is 'n broodnodige voorwaarde vir innovasie. Dit is egter nie 'n alleen voorwaarde vir innovasie nie. Daar moet ook **institusionalisering** en implementering wees. Meer hieroor later.

Dit is ook belangrik om nog een van die mites wat oor idees bestaan, naamlik dat dit die "Aha!" helder-oomblik-proses is wat net vir briljante individue beskore is,ook as vals uit te wys. Alle aanduidings uit die teorie en praktyk is dat innovasie beter werk as dit in groepe aangepak word en gewoonlik ook as dit toevoegings is tot bestaande idees eerder as die skielike ligflits-idee van 'n enkele individu.

Die implikasie is ook dat innovasie in groepe beplan kan word en toegewyd kan plaasvind deur dit spesifiek op die agenda te plaas en bewustelik daaraan aandag te gee.

Nadat idees gegenereer is, moet daar georganiseer word om hierdie idees prakties te maak en aksie daaraan te koppel. Die proses word institusionalisering genoem. Dit is nie burokratiese beheer en beperkinge nie, maar juis die teendeel. Koördinering is genoeg. Kontrole in die vorm van beheer is gevaarlik in die innovasie-konteks. Die beste manier van organiseer hier is om vennootskappe te skep tussen die rolspelers wat 'n belang het om dinge prakties gedoen te kry en met die (byna uitsluitlike) doel om die projek te implementeer. Die vennootskappe kry dan die mandaat om die projek te maak werk. En mens kan byna byvoeg: "Finish en klaar!"

Derdens moet daar **implementering** wees. Implementering kan en behoort vroeër eerder as later te begin. Dit is doods-gevaarlik om te probeer om alle voor-waardes vir die waarskynlike sukses van die projek in plek te probeer kry voordat jy begin. Die metode is eerder een van aksieleer - begin en doen iets, kyk wat die resultate is, pas aan en doen dan weer. Leer gedurig tydens die aksie-leer-aksie-rondtes. Werk met 'n koalisie van gewilliges eerder as die A-span as dit moet en streef na 'n moontlike sukses eerder as 'n gewaarborgde sukses. Probeer en tref is die wagwoord hier.

Innovasie is **kennis** gebaseer en intuïsie bekleed. Soek die kennis in alle bronne, wat die biblioteek, die internet, die konferensie, die professionele praktyk en die buurman insluit. Wees versigtig vir emosies en aannames, veral oor wat nie kan of sal werk nie. Kombineer intellek en intuïsie met kennis en kundigheid.

Kundigheid is die derde basis van innovasie. Dit vereis dat uitdagings geïdentifiseer en geformuleer kan word, inligting versamel word, getoets word en dan gebruik word met insig en oorweging deur mense wat die moed het om te probeer, omdat hulle hul kennis en intuïsie vertrou.

Derdens vereis innovasie **konkrete leierskap**. Ja, leierskap wat leierskap van die hoof is, (denkleierskap), leierskap van die hart is, (emosioneel intelligente leierskap) en leierskap van die hande is, (aksieleierskap). Die bydraes van hoof, hart en hande moet in balans bly en ook voortdurend aangepas word by die veranderende konteks.

Innovasie is dus vir almal, maar veral vir almal wat wil gedy eerder as net "oorleef". As jy nie vorentoe gaan nie, gaan jy agteruit. Stagnasie en stilstand is nie 'n opsie nie, maar voluit vooruit met vernuwing en aksie is aangedui.

Ook vir geharde Nguniboere.